WEES VERSEKER VAN JOU REDDING

Indien jy vandag sou sterf, is jy seker jy gaan hemel toe?
Jy kan seker wees deur Jesus as jou Verlosser aan te neem
Jy kan alleenlik deur Sy Naam gered word
Wanneer jy hierdie gebed in geloof doen, sal jy gered word

“Here Jesus, Ek bely U is die Seun van God en glo dat U opgewek is uit die dood. U het aan die kruis gesterf vir al my sondes. Ek maak alleenlik staat op U offer aan die kruis en die werk van die Heilige Gees in my hart om gered te word. Ek bekeer my van my sondige gedrag en ek draai my na U toe. Vergewe my asseblief en reinig my van al my sondes. Ek roep nou U Naam aan. Kom asseblief in my hart in en skenk my die ewige lewe. Deur U genade en in geloof neem ek U nou as my Verlosser aan. Amen.”

Nou is jy gered en is jy ‘n kind van God. Jou gees is nuut gemaak. Die Heilige Gees wat self God is, woon nou in jou. Hy sal jou nooit begewe of verlaat nie. Om geestelik te groei en ‘n lewe te lei wat welgevallig is vir God, kry ‘n Bybel, lees dit elke dag en doen wat daarin geskrywe is. Wanneer jy gesondig het, bely dit aan die Vader en Hy sal jou vergewe.

Gaan na ‘n kerk toe waarin hulle verkondig dat Jesus die enigste Naam is waardeur jy gered kan word en die enigste middelaar is tussen God en die mens. Getuig teenoor ander mense hoe Jesus jou gered het en wat Hy in jou lewe daarna gedoen het.

Toon hierdie pamflet aan ander mense wat nie vir Jesus ken nie sodat hulle ook gered kan word.

BYBELVERSE WAT VERBAND HOU MET DIE INHOUD VAN DIE PAMFLET

•

Handelinge 4:12. Net die naam van Jesus kan ons red

Efesiërs 2:8. Ons word gered uit genade deur geloof

Romeine 10:13. Roep Sy naam aan om gered te word

Johannes 1:34. Jesus is die seun van God

Romeine 5:8. Jesus het aan die kruis gesterf vir ons sondes

Romeine 10:9. Jesus is uit die dood opgewek

Romeine 8:9. Die Heilige Gees woon in God se kinders

2 Korinthiërs 5:17. Ons is nuut gemaak deur Christus

1 Johannes 2:6. Ons moet wandel soos Jesus gewandel het

Handelinge 3:19. Bekeer jou van jou sonde (stop daarmee)

1 Johannes 1:9. Bely jou sondes wanneer jy gesondig het

Hebreërs 13:5. God sal jou nooit begewe of verlaat nie

1 Timotheus 2:5. Een Middelaar tussen God en die mense

Markus 16:15. Gaan verkondig die evangelie aan almal

1 Timotheus 2:4. “God wil hê dat almal gered moet word. Daarom deel asseblief hierdie pamflet met soveel mense as wat jy kan.